

“Never doubt that a small group of thoughtful, committed citizens can change the world; Indeed, it’s the only thing that ever has.” Margaret Mead

BATHLAKO TEMO KOÖPERASIE, BELANGRIKE SITRUSUITVOERDER IN SWART BESIT IN DIE LAND

In 'n vorige nuusbrieff het ek gekommunikeer dat die CGA 'n kort “Transformation Survey” sal uitstuur om inligting oor produsente se transformasie inisiatiewe in te samel, sodat ons dit deur ons kommunikasie kan versterk. Ons het goeie terugvoer oor die opname gekry en ek is opgewonde om vandag ons eerste bedryfstransformasie verhaal aan te bied. Die Batlhako Temo koöperasie in die Noordwes provinsie, het sy boerderybedrywighede in 2012 begin met befondsing wat deur die Nasionale Departement van Landbou, Grondhervorming en Landelike Ontwikkeling se Proaktiewe Grondverkrygingstrategie-program (PLAS) verskaf is. Die koöperasie het ook finansiële ondersteuning van Noordwes se provinsiale regering ontvang.

Die koöperasie met 5 lede het eers met die produksie van sonneblomme begin. Die produsente het toe na sitrus gediversifiseer en is nou die grootste sitrusplaas, in swart besit, wat vrugte na 'n aantal markte uitvoer, insluitend die Midde-Ooste, Filippyne, Thailand, China en Indonesië.

Die CGA, deur sy Grower Development Company (GDC), is reeds 'n aantal jare 'n trotse vennoot van die koöperasie. Deel van hierdie ondersteuning was die voorsiening van befondsing wat gebruik is om besproeiingspype, kunsmis en chemikalieë aan te koop. Die CGA-GDC het ook kritieke tegniese ondersteuning verskaf om produksie volumes en kwaliteit van hul vrugte wat vir oorsese markte bestem is, te verhoog. Die koöperatiewe leierskap het ook deurlopende toegang tot inligting, opleiding en werkswinkels gehad wat deur die CGA en die CGA-GDC verskaf is.

Die koöperasie het 15 permanente werkers en meer as 80 seisoenswerkers in diens en verskaf indiensopleiding aan 14 studente, terwyl daar met meer as 33 000 sitrusbome geboer word. Die CGA wil graag die lede van die koöperasie gelukwens, veral sy stigtersdirekteur en finansiële bestuurder, Me Lerato Moilwa, wat vir die algehele bestuur van die plaas se daaglikse bedrywighede verantwoordelik is en wat 'n skitterende voorbeeld is van swart vroulike produsente wat hul stempel in ons bedryf afdruk. Ons sien uit na ons voortgesette vennootskap met die koöperasie om sy toekomstige groei en winsgewendheid te verseker.

CITRUS ACADEMY KORTKURSUSSE

Citrus Academy se kortkursusse is daarop gemik om 'n kort en skerp insig in noodsaaklike komponente van die sitrusproduksie stelsel te gee. Kortkursusse sal jou 'n goeie inleiding in die vakgebied gee, en is 'n goeie beginpunt as jy 'n loopbaan in die sitrusbedryf wil betree. Daar is twee nuwe kortkursusse wat aangebied word naamlik **Sitrus Pakhuis Kwaliteitbeheer** en **Sitrus Ekonomie**. Ons is bly om aan te kondig dat die Sitrus Ekonomie-kortkursus deur Dr Louis von Broemsen gefasiliteer sal word. Die kortkursusse se skedule kan op die Citrus Academy-webwerf op die volgende skakel besigtig word: <https://citrusacademy.org.za/contact-learning/>

Vir meer inligting, kontak asseblief vir Nonhle Mbhele by nonhle@citrusacademy.org.za

GEPAK EN VERSKEEP

Einde van Week 36 Miljoen 15 Kg Kartonne	Gepak	Gepak	Gepak	Verskeep	Verskeep	Annvanklike Skatting	Nuuste Voorspelling	Finaal Gepak
BRON: PPECB/AGRIHUB	2020	2021	2022	2021	2022	2022	2022	2021
Pomelo’s PP (17kg)		2.7 m	2.6 m	2.3 m	2.0 m			
Pomelo’s Klas 1&2 (17kg)		12.7 m	12.0 m	12.7 m	10.9 m			
Pomelo’s	16.0 m	17.4 m	16.5 m	17.0 m	14.6 m	16.8 m	16.6 m	17.5 m
Mandaryne	22.7 m	29.4 m	30.5 m	26.5 m	29.7 m	34.5 m	33.8m	30.9 m
Suurlemoene	27.3 m	30.0 m	33.9 m	28.2 m	32.6 m	32.3 m	34.1 m	31.0 m
Nawels	25.7 m	26.6 m	26.7 m	24.0 m	25.5 m	28.7 m	26.9 m	27.2 m
Valencias	40.9 m	44.0 m	45.6 m	29.1 m	37.7 m	58.2 m	54.6 m	55.0 m
Totaal	132.6 m	147.4 m	153.2 m	124.8 m	140.1 m	170.5 m	166.0 m	161.6 m